## EKONOMIESE ONTWIKKELING EN SAMEWERKING IN AFRIKA*

Gedurende die afgelope dekade het verreikende konstitusionele veranderinge in Afrika plaasgevind, en daar is vandag meer as dertig state in Afrika onafhankelik, teenoor slegs vier in 1954, naamlik Egipte, Ethiopië, Liberië en Suid-Afrika. Benewens die mandaatgebied Suidwes-Afrika, wat 'n ekonomiese eenheid met die Republiek van Suid-Afrika vorm; die Britse Kolonies Kenia, Suid-Rhodesië en Gambië; ses protektorate Basoetoland, Betsjoeanaland, Noord-Rhodesië, Njassaland, Swaziland en Zanzibar-Pemba en oorsese provinsies van Europese lande, nl. die Portugese Angola, Mosambiek en Guinee, en Spaans-Guinee, Ifna en Spaans Sahara, Centa en Mililla, en Frans Somaliland, is daar tans die volgende onafhanklike gebiede: Boeroendi, Ethiopië, Libië en Marokko, wat monargieë is; Algerië, Dahomie, Egipte, Gaboen, Ghana. Guinee, Ivoorkus, Kameroen, Kongo (Leopoldstad), Kongo (Brazzastad), Liberië, Malagassie (Madagaskar), Mali, Mauritanië, Niger, Roeanda, Senegal, Sentraal-Afrikaanse Republiek, Soedan, Somalië, Suid-Afrika, Tanganjika, Togo, Tsaad en Tunisië, wat republieke is; en Sierra Leone, Nigerië en Oeganda, wat as statebondslande dominiumstatus het.

Die strewe na politieke onafhanklikheid in onlangse jare was die oorheersende faktor in Afrika, wat ekonomiese aangeleenthede te midde van honger, naaktheid en interne disharmonie heeltemal oorskadu het. Nogtans blyk dit dat die Afrikastate geleidelik ook meer aandag begin wy aan die ekonomiese ontwikkeling van hulle lande en dat ekonomiese aangeleenthede in die toekoms

* Die referent is Handelsadviseur, Departement van Handel en Nywerheid.

moontlik groter betekenis sal kry. Diegene wat hulle daarvoor beywer, is met ernstige probleme gekonfronteer. Die moeilikhede waarmee koloniale amptenare en Europeërs te doen gehad het, is vir ons nie vreemd nie. Alle pogings wat toegespits was op ekonomiese ontwikkeling, meganisasie en intensiewe landbouaktiwiteit is in die verlede dikwels met agterdog bejeën. Blanke kolonialisme en hulp is nou op die agtergrond geskuif, en maatreëls in die proses van ontwikkeling word gesien as komende van die kant van die nasionale magshebbers, wat lg. se taak aansienlik behoort te vergemaklik. Samewerking is teenswoordig 'n slagspreuk in Afrika, en konferensies volg mekaar vinnig op, maar aan positiewe resultate is die oes tot dusver maar skraal. Een van die noodsaaklike voorvereistes vir ekonomiese ontwikkeling en samewerking is immers staatkundige stabiliteit. Hierdie stabiliteit is in 'n belangrike mate nog nie bereik nie, en om die rede kan die volle voordeel van hulpverlening en samewerking nie benut word nie.

Teen die voormelde agtergrond moet ekonomiese ontwikkeling en samewerking gesien word. Dit is egter moeilik om 'n duidelike beeld van ekonomiese toestande en moontlikhede in Afrika te skets, deurdat daar nog 'n groot gebrek aan en ook groot leemtes in statistiese en ander gegewens bestaan, terwyl die statistieke wat wel beskikbaar is nie altyd te betroubaar is nie.

## Die ekonomiese struktuur in Afrika

Die Vasteland van Afrika beslaan 11.7 miljoen vierkante myl wat sowat 22 persent van die totale wêreldoppervlakte verteenwoordig. Die bevolkingsyfer word op 250 miljoen gestel, wat ongeveer 8 persent van die wêreldbevolking verteenwoordig. Na berekening was daar in 1956 amper 6 miljoen Blankes in Afrika, van wie iets meer as die helfte in die Republiek van Suid-Afrika gevestig is.

Mens vind besonder groot verskille en kontraste in Afrika wat betref die bevolking, die leefwyse asook sosiale en ekonomiese toestande en tegnologiese ontwikkelinge. Groot dele van die vasteland is dun bevolk, terwyl

bepaalde dele weer dig bevolk is. Behalwe in die Republiek van Suid-Afrika en in Egipte, voer die grootste gedeelte van die inheemse bevolkings nog 'n bestaan wat hoofsaaklik op 'n onderhoudsekonomie gebaseer is. Daarteenoor is die blanke inwoners in Afrika feitlik uitsluitlik aan moderne bedryfsvertakkinge en goed geordende landbouaktiwiteit gekoppel.

Daar is aanduidings dat Afrika oor ontsaglike grondstofbronne beskik terwyl aansienlike kragbronne ook voorkom, hoofsaaklik in die vorm van steenkool in die suide, potensiële hidrokrag in die sentrale state en olie en gas in die noorde. Ten spyte van hierdie kragbronne bedra Afrika se aandeel in totale wêreldopbrengs slegs 2 persent. Dit is die gevolg van die agterstand wat Afrika ondervind met betrekking tot tegnieke wat hoë arbeidsproduktiwiteit in die hand werk, deurdat daardie faktore wat nodig is vir dinamiese ekonomiese groei, te wete kapitaal, tegniese en administratiewe vaardigheid asook ondernemerstalent, in 'n belangrike mate afwesig is by die inheemse bevolkings. Vir hierdie faktore wat vir ekonomiese ontwikkeling noodsaaklik is moet die Afrikastate nog staat maak op die hulp van Europese en in minder mate van Asiatiese bevolkingsgroepe.

Wat die handel betref, is ongeveer 90 persent van Afrika-uitvoere in die vorm van relatief en verwerkte primêre produkte bestaande uit landbouprodukte en rugrondstowwe en metale, terwyl amper driekwart van die invoere uit vervaardigde artikels bestaan, hoofsaaklik in die vorm van masjinerie, vervoertoerusting en tekstiele. Daar is slegs enkele Afrikastate wat in 'n mate reeds fabrieksprodukte uitvoer. Hieronder tel vernaamlik die Republiek van Suid-Afrika, wat reeds 'n relatiewe groot uitvoerhandel in 'n wye verskeidenheid van fabrieksprodukte ontwikkel het. Die Verenigde Arabiese Republiek (Egipte) is 'n redelik groot produsent van katoen-tekstiele wat na aangrensende Afrikastate uitgevoer word. Die handelsverkeer tussen Afrikastate onderling is in werklikheid onbenullig, en daar word hoofsaaklik met die nywerheidslande in Europa en Noord-Amerika handel gedryf.

**Ekonomiese ontwikkeling in Afrika**

Na berekening is die landbousektor in Afrika verantwoordelik vir meer as 40 persent van die volksinkome van die verskillende state (uitsluitende Suid-Afrika). 'n Groot gedeelte van die totale landbouproduksie geskied egter slegs met die doel om aan eie behoeftes te voorsien, en die landbou-opbrengs per kapita in Afrika is volgens skatting tussen $33^1/_3$% en 50% minder as dié in die wêreld se nywerheidslande. Hierdie prentjie lyk selfs heelwat ongunstiger as 'n vergelyking getref word tussen die nywerheidsopbrengs per kapita in Afrika en die in die nywerheidslande. In laasgenoemde geval is bereken dat die opbrengs per kapita 25 keer hoër is as in Afrika. Die langtermyn doelstelling van ekonomiese ontwikkeling in Afrika is dan tereg ook om die lae opbrengs per kapita te verhoog.

Dit word algemeen aanvaar dat nywerheidsontwikkeling uiters belangrik is om hierdie doelstelling te verwesenlik. Sodanige ontwikkeling is in Afrika nog maar beperk. Die uitsondering is die Republiek van Suid-Afrika, wat die enigste land op die vasteland is wat reeds 'n relatief gevorderde stadium van nywerheidsontwikkeling bereik het, en met 6 persent van die bevolking in Afrika, verantwoordelik is vir 40 persent van die waarde van die nywerheidsopbrengs van hierdie vasteland.

Op die gebied van die mynwese het die belangrikste ontwikkelings in Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, die Federasie van Rhodesië en Njassaland en die Kongo (Leopoldstad) plaasgevind, en slegs in 'n mindere mate in sommige ander Afrikastate, soos Marokko en Ghana. *Goud* word hoofsaaklik in Suid-Afrika geproduseer, wat verantwoordelik is vir sowat 90 persent van die totale goudopbrengs in Afrika. Die enigste ander noemenswaardige goudprodusente is Ghana, Suid-Rhodesië en die Kongo (Leopoldstad).

Afrika is die vernaamste produsent in die wêreld (uitsluitende die U.S.S.R.) van sowel sier- as nywerheids-*diamante*. So byvoorbeeld het die wêreldproduksie van sier- en nywerheidsdiamante gedurende 1960 gesamentlik

27.3 miljoen metrieke karaat bedra, waarvan die Kongo (Leopoldstad) alleen 13.5 miljoen gelewer het. Origens was Ghana se bydrae 3.3 miljoen metrieke karaat, dié van Suid-Afrika 3.1 miljoen en dié van Sierra Leone, Guinee, Angola, Liberië, Suidwes-Afrika en Tanganjika onderskeidelik 2.0 miljoen, 1.1 miljoen, 1.1 miljoen, 1.0 miljoen, 0.9 miljoen en 0.5 miljoen metrieke karaat.

Volgens beskikbare gegewens kom heelwat hoëgraadse *ystererts*neerslae met 'n geskatte ysterinhoud van meer as 50 persent in Afrika voor. Teenswoordig word ystererts egter hoofsaaklik in Algerië, Suid-Afrika, Liberië, Marokko, Sierra Leone, Tunisië en Angola geproduseer. Die ystererts word meestal uitgevoer, behalwe in die geval van Suid-Afrika.

Tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was Suid-Afrika die enigste land in Afrika met 'n eie yster- en staalbedryf. In 1943 is daar ook met die produksie van rustaal in Suid-Rhodesië 'n aanvang gemaak, terwyl potyster van 1948 af daar geproduseer word. Na die oorlog is daar in Egipte 'n aanvang gemaak om afvalyster op klein skaal te verwerk in stawe, plate en ander vorms en in 1957 is 'n yster- en staalfabriek met 'n kapasiteit van 265,000 metrieke ton in daardie land voltooi vir die verwerking van ystererts.

Daar is reeds melding gemaak van die hoëgraadse ysterertsneerslae wat in Afrika voorkom. Die ontginning daarvan bied in sommige lande egter heelwat probleme, onder andere met betrekking tot toeganklikheid en vervoer. Nogtans is 'n paar lande tans besig met die oprigting of beplanning van installasies vir die verwerking van ystererts.

#### Beleggingsbedrywighede

Beleggingskapitaal vloei in aansienlike hoeveelheid na yster- en staalnywerhede in Afrikastate. In Senegal (te Dakar) is 'n onderneming met Franse kapitaal opgerig om 'n staalfabriek te bou waarby elektrisiteit as hittebron aangewend sal word. Produksie word teen 1965 beoog, met 'n kapasiteit van 17,500 ton per jaar. Die rege-

ring van Senegal self oorweeg die bou van 'n staalfabriek met 'n produksiekapasiteit van 30,000 ton jaarliks.

In Helouan, Egipte, sal 'n staalfabriek opgerig word, terwyl in Aswan 'n staalfabriek met produksiekapasiteit van 60,000 ton per jaar gebou word. Hierdie fabriek sal sy elektrisiteit van die hidro-elektriese sentrale van die Aswanstudamprojek betrek. 'n Sweedse onderneming tref tans voorbereidings vir die eksploitasie van ysterertsreserwes naby Kairo. Die oogmerk is om fabrieke op te rig wat teen 1966 tussen 1 en 2 miljoen ton erts sal verwerk.

In Algerië word 'n staalfabriek gebou met 'n aanvanklike produksiekapasiteit van 500,000 ton ru-staal wat uiteindelik tot een miljoen ton uitgebrei sal kan word. Die eerste stadium van die projek sal in 1964 voltooi wees, en Franse staalbelange is behulpsaam met die oprigting daarvan.

Die huidige behoefte aan staalprodukte in die voormalige Frans-Wes-Afrika en Ekwatoriaal-Afrika, Nigerië, Ghana, Sierra Leone en Liberië word geraam op tussen 300,000 en 400,000 ton per jaar, en die verwagting is dat hierdie behoefte teen 1965 tot 600,000 ton per jaar sal toeneem. Die Ekonomiese Kommissie vir Afrika het besluit om hom te beywer vir die oprigting van 'n fabriek in Wes-Afrika met 'n produksiekapasiteit van 500,000 ton per jaar.

Wat die belangrikste nie-ysterhoudende metale betref, is die Federasie van Rhodesië en Njassaland verantwoordelik vir amper twee derdes van die totale *koper*opbrengs in Afrika. Die enigste ander belangrike koperprodusent is die Kongo (Leopoldstad), wat ongeveer 31 persent van die koperopbrengs lewer. *Lood* word hoofsaaklik in Marokko (44%), Suidwes-Afrika (30%), Tunisië (8.5%) en die Federasie van Rhodesië en Njsassaland (6.8%) geproduseer; *sink* in die Kongo (Leopoldstad) (42%), Marokko (20%), die Federasie (17%) en Algerië (15%); en *tin* in die Kongo (Leopoldstad) asook Roeanda en Boeroendi (50%), Nigerië (38%) en Suid-Afrika (6%). *Aluminium* word tans slegs in die Kameroen geproduseer van materiale wat van Frankryk ingevoer word. In Ghana word die oprigting van 'n aluminiumsmeltery as deel van die

Voltarivierskema in die vooruitsig gestel, terwyl 'n aluminiuminstallasie teen die einde van 1962 in Angola voltooi is.

Die Republiek van Suid-Afrika is die enigste land in Afrika waar *steenkool* in oormaat aangetref word. Suid-Afrika het dan ook in 1960 net meer as 38 miljoen metrieke ton steenkool geproduseer, of sowat 88 persent van die steenkoolopbrengs in Afrika in daardie jaar. Die Federasie van Rhodesië en Njassaland is die tweede grootste steenkoolprodusente en het in 1960 iets meer as $3^1/_2$ miljoen metrieke ton gelewer.

Die voorsiening van *elektriese krag* is in Suid-Afrika ontwikkel op basis van die goedkoop steenkool en die Republiek wek iets minder as twee derdes van die totale elektriese krag in Afrika op. Tweede op die lys is die Kongo, dan Egipte, die Federasie, Algerië en Marokko.

Gedurende onlangse jare was daar belangrike ontwikkelings in Afrika op die gebied van kragvoorsiening, en veral hidro-elektriese krag, as 'n voorvereiste vir ontwikkeling in ander vertakkinge van die ekonomie, vernaamlik nywerheidsontwikkeling. Die bekendste hiervan is seker die Karibaskema in die Federasie van Rhodesië en Njassaland. Die konstruksie van die reuse-Karibadam het gepaard gegaan met die oprigting van 'n hidro-elektriese kragsentrale waarvan die opwekkingskapasiteit sowat 600,000 kilowatt is, terwyl daar beoog word om dit uiteindelik tot 1,500,000 kilowatt te verhoog. Die eerste stadium van die skema het tussen R160 en R200 miljoen gekos.

Nywerheidsuitbreiding was ook een van die hoofoogmerke van die Owen Falls-elektrisiteitskema by Tinja in Oeganda. Die belangrikste nywerheidsuitbreiding wat met behulp van die Owen Falls-skema tot stand gebring is, is die oprigting van 'n kopersmeltery en 'n katoenfabriek met 'n kapasiteit van 10 miljoen jaarts katoenweefstowwe per jaar. Elektriese krag sal ook van hierdie skema aan Kenia voorsien word.

Met die Voltarivier-projek in Ghana word beoog om uiteindelik die hele land van elektriese krag te voorsien. Die skema behels die konstruksie van 'n hidro-elektriese

kragsentrale met 'n beplande opwekkingskapasiteit van 600,000 kilowatt en die gelyktydige oprigting van 'n reusealuminiumsmeltery gebaseer op die ryk Bauxietneerslae van die gebied.

Aan die Aswandam-skema in Egipte is hoofsaaklik landboukundige oogmerke verbonde, hoewel kragopwekking ook 'n belangrike aspek sal wees. Hierdie skema sal in twee stadia uitgevoer word, naamlik eerstens, die aanwending van die afloopwater van die bestaande dam by Aswan vir die oprigting van 'n kragsentrale met 'n kapasiteit van sowat 350,000 kilowatt en tweedens, die bou van 'n groot dam suid van die bestaande een en die oprigting van 'n verdere kragsentrale by die nuwe dam.

Waarskynlik die mees ambisieuse skema van hierdie aard is die sogenaamde Ingaskema in die Kongo. Soos oorspronklik beplan, sou die Kongorivier se water in die kanale afgekeer en gebruik word vir die oprigting van kragsentrales met 'n totale opwekkingskapasiteit van tussen 25 en 30 miljoen kilowatt, wat meer as een derde van die kapasiteit van alle kragsentrales in die hele Noord-Amerikaanse vasteland verteenwoordig. Hierdie skema sou ook gepaard gaan met die oprigting van 'n groot aluminiumsmeltery. Die nodige fondse vir hierdie skema kon egter nie verkry word nie, en dit is dus op die lange baan geskuif.

Na verstaan word, word 'n groot ontwikkelingskema vir die onderloop van die Zambesirivier beplan.

Ook op die gebied van petroleum is daar die ontginning van die olievelde in die Sahara, waar ryk olieneerslae reeds gevind is, terwyl prospekteerwerk voortgesit word. Ook in Angola word 'n redelik belangrike olieveld ontgin.

Behalwe in Suid-Afrika, was die ontwikkeling van fabrieksnywerhede in Afrika tot nog toe baie beperk en het hoofsaaklik ontstaan met die oog op die verwerking van plaaslike grondstowwe of die vervaardiging van relatief eenvoudige verbruiksgoedere vir binnelandse verbruik.

Dit blyk ook dat nywerheidsontwikkeling, waar dit in Afrikalande plaasgevind het, eers na die Tweede Wê-

reldoorlog 'n aanvang geneem het, hoewel daar gedurende die oorlog 'n aantal nuwe nywerhede tot stand gekom het vanweë die ontwrigting in die wêreldhandel.

Die verwerking van *vis* op grootskaal vind plaas meer bepaald in die suidwestelike Afrikalande soos Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en Angola en die noordwestelike lande soos Marokko en Tunisië. Origens word vis op klein skaal in binnelandse mere en riviere gevang, hoofsaaklik vir eie gebruik.

*Suiker* word in etlike Afrikalande geproduseer, te wete Suid-Afrika, Angola, die Kongo, Egipte, Mosambiek, Algerië, Ethiopië, die Kameroen en die Federasie van Rhodesië en Njassaland. *Bierbrouerye* kom taamlik algemeen voor, terwyl *wyn* in Suid-Afrika, Algerië, Marokko en Tunisië geproduseer word. *Sigarette* word ook in meeste Afrikastate vervaardig.

*Tekstiel*nywerhede het in verskeie lande ontstaan en verteenwoordig 'n belangrike bydrae tot die totale fabrieksproduksie van etlike lande, byvoorbeeld Egipte, Ethiopië, Suid-Rhodesië en Marokko. Die weef en spin van katoen kom vry algemeen voor, terwyl die verwerking van wol hoofsaaklik tot Suid-Afrika beperk is, hoewel dit in 'n mindere mate ook in Egipte, Marokko en ander state in Noord-Afrika ontwikkel is en veral op tapytvervaardiging toegespits is.

Suid-Afrika is die enigste land in Afrika met 'n redelik goed ontwikkelde *chemiese* bedryf. In 'n paar ander lande soos Algerië, Tunisië, Marokko en Egipte bestaan daar egter reeds kunsmisfabrieke as feitlik die enigste verteenwoordigers van die chemiese bedryf, terwyl verskeie Afrikastate tans oorweging skenk aan die ontwikkeling van hierdie bedryfstak by wyse van byvoorbeeld die oprigting van verdere kunsmisfabrieke en die vervaardiging van vuurhoutjies, landbou-chemikalieë, verf, artsenykundige preparate en ontsmettingsmiddels.

Betreffende die *ingenieursbedryf* en veral die sogenaamde swaar ingenieursnywerhede wat 'n belangrike rol speel in 'n hedendaagse moderne ekonomie met betrekking tot die voorsiening van kapitaal-toerusting, dui beskikbare gegewens daarop dat die omvang van die mega-

niese en elektriese ingenieursbedrywe in Afrika nog kleiner is as in ander ontwikkelende gebiede van die wêreld. Suid-Afrika is weereens, soos in baie ander opsigte, die enigste land in Afrika wat 'n redelik goed ontwikkelde ingenieursbedryf het, terwyl daar in die meeste ander lande van die vasteland slegs klein werkswinkels bestaan vir die herstel en onderhoud van fietse, motors, landbou- en spoorwegtoerusting asook rivierbote. In die Federasie van Rhodesië en Njassaland word egter ook reeds ligte landbou-, myn- en konstruksiemasjinerie asook sekere soorte elektriese masjinerie en vervoertoerusting vervaardig. Verder word die oprigting van twee motorkarmonteerfabrieke tans daar beplan, terwyl 'n trekkermonteerfabriek in Angola en motorkar- en trekkermonteerfabriek in Egipte gevestig word.

Wat *hout* betref, besit Afrika 17% van die wêreld se bosrykdom. Per hoof van sy bevolking bestaan daar dus oorvloedige houtbesit, maar die verbruik vir nywerheidsdoeleindes is baie laag. Die Voedsel- en Landbou-organisasie van die V.V.O. is tans besig om bosbenutting in Afrika in 'n geordende baan in te lei. Die organisasie het gevind dat daar 'n enorme houtverspilling by die inheemse bevolking is, veral in die tropiese streke. As gevolg van die geringe nywerheidsontwikkeling word relatief goedkoop ru-hout in toenemende mate uitgevoer terwyl daarteenoor houtprodukte in toenemende mate ingevoer word. Bestaande bebossing loop gevaar om geweldig skade te ly. Die organisasie probeer om 'n opname van houtverbruik in Afrika te maak om vas te stel hoeveel hout vir hutte, dakke en vensters gebruik word en die verbruik van hout as brandstof te skat. Die snel toenemende bevolking op die vasteland, die geleidelike verhoging van lewenstandaarde en nywerheidsontwikkeling, bring mee dat houtverbruik toeneem. Na raming sal die vraag na gesaagde hout teen 1980 verdubbel en die na pulp en papier vervierdubbel. Dit is noodsaaklik dat 'n balans getref word tussen bosaanplanting en -bewaring aan die een kant en houtontginning en vestiging van nywerhede wat op hout aangewys is, aan die ander kant. Vir hierdie doel sal die V.L.O. gedurende die volgende 20 jaar etlike dui-

sende bosbouers en bosbewaarders aan lande suid van die Sahara (uitgesonder die R.S.A.) beskikbaar stel.

Verwerking van hout tot pulp geskied hoofsaaklik in die Republiek van Suid-Afrika en in geringe mate in die Federasie van Rhodesië en Njassaland, Marokko, Algerië en Egipte. Papier en papierbord word ook in hierdie lande geproduseer, maar die vervaardiging van koerantpapier is tot Suid-Afrika beperk.

Die vervaardiging van *rubber*produkte is ook beperk tot enkele state en die vervaardiging van veral motorbande word slegs in Suid-Afrika, die Federasie van Rhodesië en Njassaland en Egipte onderneem, hoewel sommige ander state ook bandversolingsondernemings het of rubberprodukte soos rubberskoeisel en ander gevormde rubberartikels vervaardig.

Uit die bogemelde blyk dat die reeks goedere wat in meeste Afrikastate, met die belangrike uitsondering van Suid-Afrika, vervaardig word, relatief beperk is. Ter illustrasie verwys ek na die posisie in bv. Ethiopië en Egipte. Die industrialisasie van *Ethiopië*, een van die oudste onafhanklike state op die vasteland afgesien van die kort tydperk van Italiaanse besetting, bevind hom maar nog in die beginstadium van ontwikkeling en die pas is maar stadig. In 1961 het die aandeel van nywerheidsproduksie in daardie land maar slegs 5% van die totale nasionale inkome bedra. Gedurende die tydperk 1957/61 is kapitaal ten bedrae van R49 miljoen in nywerhede aldaar belê vir die vervaardiging van produkte soos voedingsware, tekstiele, skoeisel, rubberbande, papier, glas, pottebakkery, plastiekware, verf, kleurstowwe, ysterware, landbougereedskap, sement sowel as aardolieprodukte.

Om 'n beeld van *Egipte* se nywerheidsaktiwiteite te kry, word die volgende syfers verstrek wat daardie land onlangs gepubliseer het oor produksie van sy sekondêre nywerhede gedurende die jaar 1962:

| | | |
|---|---|---|
| spoorstawe | 41,434 | ton |
| staafyster | 189,214 | ton |
| koelkaste | 24,673 | eenhede |
| elektriese en stoomverbruikers-meters | 79,300 | eenhede |

| | | |
|---|---|---|
| waterverbruikersmeters | 28,104 | eenhede |
| motoreenhede, busse en vragwaens | 3,853 | eenhede |
| fietse | 49,779 | eenhede |
| sement | 25,656 | ton |
| kabels | 3,022 | ton |
| lugreëlingsapparate | 2,446 | eenhede |
| wasmasjiene | 11,567 | eenhede |
| gloeilampe | 294 | milj. eenh. |
| beeldradiotoestelle | 26,621 | eenhede |
| nat batterye | 108,900 | eenhede |
| droë batterye | 8,472,000 | eenhede |

Die aandeel van nywerheidsproduksie bedra tans ongeveer maar 15 persent van Egipte se totale nasionale inkome.

Wat ander Afrikastate betref, is daar benewens Suid-Afrika slegs een land, nl. Marokko, waar die bydrae van die fabrieksnywerhede en konstruksie tot die nasionale inkome 20% oorskry. In sommige van die ander lande waarvoor gegewens vir een of ander van die afgelope vyf tot sewe jaar beskikbaar is, was die verhoudings: Algerië 17%, die Federasie van Rhodesië en Njassaland 16%, Kenia 14%, die Kongo (Leopoldstad) en Tanganjika elk 13% en Nigerië 8%.

Sodanige nywerheidsontwikkeling as wat reeds in Afrika bereik is, kan die kern vorm vir verdere ontwikkeling op hierdie gebied. Een noodsaaklike voorvereiste daarvoor is egter die beskikbaarstelling van voldoende en vergelykbare statistiese gegewens met betrekking tot die aard en omvang van die nywerheidsektor. Dit sou help om vas te stel op welke nywerhede gekonsentreer kan word en welke maatreëls nodig is om nywerheidsontwikkeling aan te moedig. Sommige nywerhede verg veral groot bedrae aan beleggingskapitaal, bv. die yster- en staalbedryf, en is vir hulle voortbestaan afhanklik van 'n voldoende vraag na hul produkte teen ekonomiese pryse. Die afsonderlike markte van die Afrikastate is meestal ontoereikend vanweë die klein bevolkings van die individuele state en die relatief lae koopkrag en lewenstandaard en lae peil van nywerheidsontwikkeling.

Die kwessie van nywerheidsontwikkeling in Afrika en die ontwikkeling van 'n goed gediversifiseerde ekonomie is bepaald 'n enorme probleem in elke Afrikastaat.

Watter ekonomiese posisie beklee die Republiek van Suid-Afrika teenoor die Afrikastate? Volgens V.V.O.-indeling van ontwikkelende en ontwikkelde lande word al die Afrikastate behalwe Suid-Afrika as ontwikkelende lande geklasifiseer. In vergelyking met die Wes-Europese lande en die V.S.A. kan Suid-Afrika nog nie as 'n ontwikkelde land geklassifiseer word nie en kan ons eintlik tussen die twee kategorië ingedeel word. Die ekonomiese struktuur van die R.S.A. sien daar heel anders uit as enigeen van die ander Afrikastate. Die R.S.A. besit ongeveer 50 persent van alle voertuie en telefone in Afrika, hanteer 50% van alle spoorvervoer en verwek byna 66% van alle elektrisiteit in Afrika. Die R.S.A. se staalproduksie is meer as die gesamentlike produksie van die res van Afrika en nywerheidsproduksie hier bedra ongeveer 40% van die totaal in Afrika, ten spyte van die feit dat slegs 6% van die totale bevolking in Suid-Afrika woonagtig is. Produksie van metaalnywerhede beloop tans R640 miljoen jaarliks. Private vervaardigingsnywerhede emplojeer meer as 730,000 persone teen 'n loonpakket van oor die R670 miljoen per jaar. Goud- en buitelandse valutareserwes beloop tans byna R480 miljoen. Suid-Afrika verdien 20% van die totale volksinkome van Afrika wat, uitgedruk per kapita, byna twee keer soveel is as die per kapita-inkome van Algerië en Ghana, wat 2e en 3e na Suid-Afrika is en bevolkings van 10 en 5 miljoen onderskeidelik het en vyf keer soveel as die per kapita-inkome van Nigerië (16e op die lys en met 'n bevolking van 32 miljoen). Daarom is Suid-Afrika natuurlik die aantreklikste afsetgebied op die hele vasteland vir fabrieksgoedere van oorsese lande. Suid-Afrika staan onmiddellik voor ongeëwenaarde uitbreiding en sal ongetwyfeld sy voorsprong bo ander Afrikastate verder vergroot. Van owerheidsweë word verwag om gedurende die volgende 5 tot 10 jaar ongeveer R2800 miljoen te spandeer aan uitgawes ten opsigte van die Oranjerivierskema (R450 miljoen), Spoorweë (R600 miljoen), ontwikkeling van Ban-

toetuislande (R114 miljoen), pos- en telegraafwese R100 miljoen), Provinsiale Administrasies t.o.v. padbou alleen (R500 miljoen) en openbare korporasies, Yskor, Sasol e.a. (R1040 miljoen), terwyl ons bewus is van private belegging ten bedrae van ongeveer R600 miljoen wat reeds gemaak is of beplan word vir die volgende paar jaar. Die syfers van private belegging sluit nie alles in nie, omdat ons nie volledige statistieke hou oor beplanning in die private sektor nie.

Waartoe die ander Afrikastate in staat is, sal ook in belangrike mate afhang van hul volkskarakter.

### Finansiële hulp aan Afrika vir ekonomiese ontwikkeling

Sonder buitelandse kapitaal, tegniese vernuf en toerusting, kan daar nouliks sprake van ekonomiese ontwikkeling in Afrika wees. Daarom is dit nodig om te wys op die middele wat beskikbaar gestel word in die vorm van lenings, skenkings en dienste om werktuie vir ekonomiese ontwikkeling te skep.

Benewens die V.V.O. se Ekonomiese Kommissie vir Afrika, wat later afsonderlik bespreek word, word geleenthede vir ekonomiese ontwikkeling en samewerking ook deur ander liggame van die V.V.O. voorsien, waaronder die Voedsel- en Landbou-organisasie, die Wêreldgesondheidsorganisasie, die V.V.O. se Nywerheidsontwikkelingsentrum en sy Tegniese Bystands- en Spesiale fonds.

Die Sekretariaat van die Algemene Ooreenkoms insake Tariewe en Handel (A.O.T.H.) het ook 'n ooreenkoms met die V.V.O. aangegaan ingevolge waarvan laasgenoemde beurse beskikbaar stel met die doel om beamptes van regerings wat lid is van die A.O.T.H. of daarmee geassosieer is in staat te stel om 'n opleidingsprogram by te woon wat sedert 1956 in Genève aangebied word. Die doel van hierdie opleidingsprogram is om die studente prakties in te lig oor die geskikste prosedure en metodes wat gevolg moet word ter oplossing van die handels- en ekonomiese probleme waarmee hulle daagliks te doen sal kry.

Teenswoordig word veral aandag geskenk aan aansoeke van beamptes van die Afrikastate wat pas onafhanklikheid verkry het, terwyl die Sekretariaat van die A.O.T.H. gedurende 1962 ook vir die eerste keer kort kursusse in buitelandse handel en handelsbeleid in Afrika aangebied het. Hierdie program is finansieel deur die V.V.O. se Tegniese Bystandsorganisasie gesteun.

Afgesien van bostaande, word internasionale hulp aan Afrikagebiede op bi- of multilaterale grondslag verleen. Volgens skatting het multilaterale agentskappe en die ontwikkelde lande van Wes-Europa en Noord-Amerika asook Japan gedurende 1960 en 1961 onderskeidelik $1,900 miljoen (R1,357 miljoen) en $2,000 miljoen (R1,430 miljoen) in die vorm van skenkings en langtermynleningskapitaal rentevry of teen lae rentekoerse aan Afrikagebiede voorsien. Van die totaal vir 1961 het $1,500 miljoen (R1,070 miljoen) uit amptelike bydraes bestaan. Hiervan het die Franse regering alleen $776 miljoen (R554 miljoen), of sowat die helfte, bygedra. Die bedrag is aan die Franse frankgebiede in Afrika beskikbaar gemaak, en die grootste gedeelte was skenkings wat hoofsaaklik aangewend is om uitgawes van 'n kapitale aard in Algerië en in die Saharastreek te bestry. In die gebiede besuide die Sahara het uitgawes in verband met tegniese hulpverlening 'n belangrike plek ingeneem, terwyl skenkings deur die Franse regering origens hoofsaaklik in die vorm van subsidies gemaak is ter uitwissing van tekorte in die betalingsbalanse van die betrokke Afrikalande.

Die Verenigde State van Amerika se aandeel in die verlening van hulp aan Afrika het in onlangse jare aansienlik toegeneem. Dit is die gevolg van die veranderde omstandighede in Afrika wat meegebring is deur die proses van onafhanklikwording, veral sedert die middevyftiger jare. Destyds was Frankryk en die Verenigde Koninkryk as die vernaamste voormalige koloniale moondhede gesamentlik verantwoordelik vir ongeveer 90% van die totale amptelike fondse wat aan Afrikalande voorsien is, terwyl die V.S.A. slegs 6% bygedra het. In 1961 het die V.S.A. se aandeel egter reeds tot sowat 20% gestyg, toe daardie land gedurende sy boekjaar wat op

30 Junie 1961 geëindig het 'n netto bedrag van $323 miljoen (R230 miljoen) aan Afrikalande voorsien het. Hierdie bedrag is in die daaropvolgende boekjaar tot $515 miljoen (R368 miljoen) verhoog.

Die Verenigde Koninkryk het in 1961 'n bedrag van $216 miljoen (R154 miljoen) in die vorm van skenkings en langtermynleningskapitaal aan sy geassosieerde lande in Afrika (uitsluitende Suid-Afrika) voorsien, in vergelyking met $114 miljoen (R80 miljoen) in 1960. Hierdie verhoging is deels toe te skryf aan addisionele bystand wat Brittanje verleen het in verband met die instelling van regeringsdienste in lande wat pas onafhanklikheid verkry het of aan wie dit toegesê is. Brittanje se hulp aan ontwikkelende Statebondslande in Afrika voortspruitende uit die sg. „Special Commonwealth African Assistance Plan (S.C.A.A.P.)", wat na die byeenkoms van Eerste Ministers van Statebondslande in Mei 1960 gestig is, strek verder as direkte finansiële bydrae. Gedurende 1961/62 was daar bv. byna 17,000 studente uit Afrikalande wat aan hoër opvoedkundige inrigtings in Brittanje gestudeer het. Bydrae van die ander ontwikkelde Statebondslande, bv. Kanada en Nieu-Seeland, word gedoen hoofsaaklik in die vorm van tegniese hulp, onderwyspersoneel en die beskikbaarstelling van beurse en fasiliteite vir tegniese en akademiese opleiding.

Ander lande wat in 'n meerdere of mindere mate fondse aan Afrikastate voorsien het en nog voorsien, is België, Denemarke, Italië, Japan, Kanada, Nederland, Noorweë, Portugal, Swede, Switserland en Wes-Duitsland, terwyl die Sowjet-blok ook 'n aansienlike bydrae lewer en in 1959, 1960 en 1961 hulp in die vorm van skenkings, lenings en bilaterale handelstransaksies ter waarde van onderskeidelik $341 miljoen (R243 miljoen), $395 miljoen (R282 miljoen) en $325 miljoen (R232 miljoen) aan Afrikastate verleen het. Van die totale bedrag in eersgenoemde twee jare het die Verenigde Arabiese Republiek sowat 62% ontvang, Ethiopië 17%, Guinee 10% en Ghana, Liberië, Marokko, die Soedan en Tunisië die orige 11%. Uit die Sowjet-fondse wat in 1961 aan Afrikalande voorsien is, het Ghana die grootste voordeel getrek deur onge-

veer een derde van die totale bedrag in daardie jaar te ontvang, gevolg deur Somalië (25%) en Mali (17%) wat nie voorheen van daardie bron hulp ontvang het nie.

Gegewens met betrekking tot private kapitaaltransaksies is ongelukkig onvolledig, maar volgens skatting het die netto toevloei van private kapitaal na Afrikastate (uitsluitende Suid-Afrika) van 1956 tot 1960 jaarliks min of meer $500 miljoen (R357 miljoen) bedra, terwyl dit in 1961 afgeneem het na $400 miljoen (R286 miljoen). Hierdie afname was feitlik uitsluitlik te wyte aan verminderde Franse beleggings in Noord-Afrika, vernaamlik met betrekking tot die ontwikkeling van die oliebronne in die Sahara, asook die terugplasing van privaatfondse uit die Kongo (Leopoldstad) na België. Daarteenoor het private Amerikaanse kapitaaltoevloei ongeveer konstant gebly en is Britse beleggings in Afrikastate (uitsluitende Suid-Afrika) verhoog.

Net soos in die geval van finansiële hulp van owerheidsweë het private kapitaaltoevloei gedurende 1960—'61 ook aansienlike verskille getoon wat betref die lande wat daarby gebaat het. So byvoorbeeld het Nigerië en die Federasie van Rhodesië en Njassaland in albei jare groot bedrae ontvang en Ghana en Marokko amper niks. Tunisië en ander Frankgebiede het weer tussen 25% en 30% van die totaal in 1960 ontvang maar aansienlik minder in die daaropvolgende jaar, en in die Verenigde Arabiese Republiek is 'n netto toevloei van private kapitaal in 1960 omgeskep in 'n netto uitvloei in 1961.

Op die gebied van buitelandse hulp was daar in onlangse jare 'n opmerklike toename met betrekking tot dié aan Afrikalande te bespeur. Waarskynlik sal daar in die toekoms ook minder 'n neiging wees by voormalige moederlande om hulp toe te spits op hulle eertydse koloniale gebiede.

Die Internasionale Bank vir Rekonstruksie en Ontwikkeling (of die sogenaamde Wêreldbank) het reeds etlike lenings aan Afrikalande toegestaan, hoewel daar gesê kan word dat die Vasteland in baie opsigte nog nie kwalifiseer vir lenings deur voornoemde liggaam nie. Die ontwikkeling van basiese fasiliteite en navorsing met betrek-

king tot die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne is byvoorbeeld nie onmiddellik produktief nie, sodat die finansiering daarvan deur middel van internasionale lenings teen heersende rentekoerse 'n groot geldelike las vir die lande sou beteken wat die kapitaal voorsien. Daarom is skenkings of langtermynlenings teen 'n baie lae rentekoers vir doeleindes soos die waarna hierbo verwys is meer toepaslik, en sodanige bystand word dan ook deur agentskappe soos die Internasionale Ontwikkelingsassosiasie, die V.V.O. se Spesiale Fonds en die Europese Ontwikkelingsfonds van die Europese Ekonomiese Gemeenskap verleen.

Die V.V.O. se Spesiale Fonds is in 1959 gestig, en tot Mei 1962 is goedkeuring verleen om 65 projekte in 21 Afrikastate te finansier. 'n Totale bedrag van $54 miljoen (R39 miljoen) is daarby betrokke en die projekte behels, onder andere, opnames van natuurlike hulpbronne, die oprigting van navorsingsinrigtings asook die voorsiening van opleidingsfasiliteite en tegniese onderwys.

Die Europese Ontwikkelingsfonds is oorspronklik in 1958 in die lewe geroep met die doel om, d.m.v. skenkings of rentevrye langtermynlenings, aan oorsese gebiede wat met die lidlande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap geassosieer is bystand te verleen met betrekking tot die finansiering van sosiale en ekonomiese ontwikkelingsprojekte. Die ses lidlande van die E.E.G. (België, Frankryk, Italië, Luksemburg, Nederland en Wes-Duitsland) dra tot die fonds by en in die eerste vyf jaar het die totale bedrag $581 miljoen (R415 miljoen) beloop. Tot Junie 1962 was $238 miljoen (R170 miljoen) van die bedrag aan 236 ontwikkelingsprojekte in die betrokke Afrikastate toegewys. Van laasgenoemde bedrag is sowat 42% aan sosiale projekte bestee, waaronder hoofsaaklik onderwys en beroepsopleiding asook gesondheidsdienste, terwyl die orige geld hoofsaaklik vir die ontwikkeling van vervoer- en kommunikasiestelsels asook landbou en veeteelt gebruik is.

Die E.E.G. se Assosiasie-ooreenkoms met die Afrikastate is aan die einde van 1962 hersien. Wat die Europese Ontwikkelingsfonds betref, het die ses lidlande van die

E.E.G. ingestem om gedurende die tydperk 1963 tot 1967 hulp ten bedrae van $730 miljoen (R521 miljoen) aan die Afrikastate te verleen, bestaande uit $620 miljoen (R443 miljoen) aan regstreekse skenkings, $46 miljoen (R33 miljoen) aan spesiale langtermynlenings teen 'n lae rentekoers en $64 miljoen (R45 miljoen) aan lenings deur die Europese Ontwikkelingsbank. Van hierdie bedrae sal $500 miljoen (R357 miljoen) vir ontwikkelings op ekonomiese en sosiale gebied aangewend word en die orige $230 miljoen (R164 miljoen) vir pryssubsidies aan plaaslike boere en die finansiering van spesifieke maatreëls om produksiemetodes en ander middele te verbeter ten einde die betrokke lande in staat te stel om teen wêreldmarkpryse mee te ding.

Die toekoms sal moet leer of die indrukwekkende hulpskemas wat vir Afrikastate van buite aangebied is en word, vir die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne, hidro-elektriese skemas ens., effektief benut gaan word en of dit nie onderlinge jaloesie gaan verwek nie soos in die geval van Marokko, wat Mauritanië weens lg. se ryk ystererts neerslae opeis. Die stadium van stabiliteit is lank nog nie bereik nie, en daar is 'n gevaar dat Afrikastate aangebode buitelandse kapitaal gebruik om botsende grootmoondhede teen mekaar af te speel.

## Samewerking in Afrika

*Streekorganisasies*

Dit word algemeen aanvaar dat die Vasteland van Afrika in twee groot streke verdeel is, waarvan die Saharawoestyn die skeidslyn vorm. Die state in die noordelike streek neig om binne die sfeer van die relatief nabygeleë Europa en die Midde-Ooste te val, met wie daar dan ook reeds van die vroegste tye noue betrekkinge bestaan het, terwyl die state besuide die Sahara ander eienskappe toon met betrekking tot die bodem, plantegroei, klimaat en die bevolking. Die suidelike state het ook belangrike gemeenskaplike belange, veral op wetenskaplike en tegniese gebied, en samewerking tussen hierdie state het reeds 'n lang tydperk bestaan. Suid-Afrika het ook altyd getrag om hulp te verleen met betrekking

tot die bestryding van siektes en plae van mens, dier en plant, deur deskundige advies te verstrek en ook middels te verskaf. Opvallende voorbeelde hiervan is die effektiewe hulp wat S.A. verleen het in verband met die bestryding van sprinkane en die tsetsevlieg.

Georganiseerde samewerking op tegniese en wetenskaplike gebied in Afrika besuide die Sahara het na die Tweede Wêreldoorlog op groter skaal ontwikkel. Afgesien van 'n reeks bilaterale ooreenkomste wat gedurende die onmiddellike na-oorlogse jare tussen Afrikagebiede met die oog op sodanige samewerking gesluit is, is die Kommissie vir Tegniese Samewerking in Afrika besuide die Sahara (C.C.T.A.) in Januarie 1950 in die lewe geroep. Die stigterslede van hierdie Kommissie was België, Frankryk, Portugal, Suid-Afrika, Suid-Rhodesië en die Verenigde Koninkryk. Op voorstel van Suid-Afrika is daar in dieselfde jaar 'n konferensie van wetenskaplikes in Johannesburg gehou waartydens die Wetenskaplike Raad vir Afrika besuide die Sahara (CSA) gestig is. (Die afkortings dui op die Franse benamings van die organisasies).

Lidmaatskap van die C.C.T.A./C.S.A. was nie tot die stigterslande beperk nie, en sedert die ontstaan van die liggame het ander Afrikastate soos die Federasie van Rhodesië en Njassaland, Ghana, Guinee, die Kameroen en Liberië toegetree.

C.C.T.A. bestaan uit verteenwoordigers van die lederegerings en het ten doel om tegniese samewerking tussen die gebiede in Afrika te verseker. Met die oog hierop is dienste geskep waardeur wetenskaplikes en tegnici gedurig in voeling met mekaar bly. Deur middel van konferensies, buro's, komitees en korrespondente word inligting versamel en uitgeruil, terwyl op hierdie wyse ook navorsing onderneem en tegniese bystand verleen word.

Voltallige vergaderings van die Kommissie (C.C.T.A.) vind ten minste een keer per jaar plaas, hoewel spesiale vergaderings ook gereël kan word, indien nodig. Tydens hierdie vergaderings word die werk waaroor die Kommissie beheer uitoefen uit 'n administratiewe en finansiële oogpunt in hersiening geneem en word maatreëls ter

verdere bevordering van tegniese en wetenskaplike samewerking in Afrika aanbeveel. Sodanige aanbevelings en besluite van die Kommissie is onderworpe aan eenstemmige goedkeuring deur die lede-regerings.

Die Wetenskaplike Raad vir Afrika besuide die Sahara (C.S.A.) tree as wetenskaplike raadgewer van die C.C.T.A. op. As lede van die C.S.A. word vooraanstaande wetenskaplikes deur die Raad self verkies. Hulle is nie regeringsverteenwoordigers nie, maar die deelnemende regerings moet hulle aanstelling op die Raad bekragtig. Die C.S.A. word op so 'n wyse saamgestel dat dit verteenwoordigend is van die vernaamste wetenskaplike terreine wat in die bestaande stadium van ontwikkeling in Afrika belangrik is.

Hoewel die werksaamhede van die C.C.T.A./C.S.A. betrekking het op die hele streek van Afrika besuide die Sahara, is dit gevind dat sekere aktiwiteite beter op 'n substreekse grondslag verrig sou kon word. Sodoende is daar byvoorbeeld met betrekking tot grondbewaring en -benutting, vier streekskomitees saamgestel wat Suid-, Wes-, Oos- en Sentraal-Afrika bedien. Ander streekskomitees bestaan op die gebiede geologie en diere-gesondheid.

'n Inter-Afrika navorsingsfonds is ook gestig wat deur die lede-regerings by wyse van geldelike skenkings of ander bydraes soos dienste in stand gehou word met die doel om wetenskaplike en tegniese navorsing gesamentlik onder toesig van die C.C.T.A. te onderneem. Navorsingsprojekte wat reeds onderneem is, sluit in die klimatologiese atlas van Afrika; 'n werk getiteld „Wetenskap en die Ontwikkeling van Afrika", 'n demografiese atlas van Afrika; 'n studie van arbeids-afwesigheid in verhouding tot produktiwiteit; 'n bevolkingsdigtheid-atlas van Afrika; kaarte van die plantegroei van Afrika; 'n studie van migrasie in Wes-Afrika; en 'n algemene atlas van Wes-Afrika.

In 1953 is daar besluit om 'n skema vir die uitruil van wetenskaplikes en tegnici in die lewe te roep. Hierdeur is fasiliteite daargestel waardeur wetenskaplikes en tegnici wat in gebiede van een deelnemende regering werksaam is in die geleentheid gestel word om weten-

skaplike en tegniese studies en/of opleiding in gebiede van enige ander deelnemende regering te onderneem of te ontvang. Sodoende is die funksies van die C.C.T.A. en die C.S.A. 'n stap verder gevoer, aangesien hulle werksaamhede voorheen hoofsaaklik beperk was tot die uitruil van wetenskaplike en tegniese inligting.

Lederegerings het in 1957 ook besluit om die C.C.T.A. se werksaamhede op die gebied van tegniese bystand verder uit te brei. Na aanleiding hiervan is die Stigting vir onderlinge Bystand in Afrika besuide die Sahara (F.A. M.A.) in Februarie 1958 tot stand gebring. Die doel van hierdie stigting is om behulpsaam te wees met die voorsiening van tegniese bystand aan gebiede in Afrika besuide die Sahara. Sodanige tegniese bystand behels onder meer die dienste van deskundiges, instrukteurs of adviseurs; die opleiding van personeel; en die voorsiening van toerusting vir opleidingsdoeleindes. Regerings van Afrikalande besuide die Sahara wat nie lede van die C.C.T.A. is nie, is ook geregtig om die Stigting (FAMA) vir tegniese bystand te nader.

Die sukses wat die C.C.T.A./C.S.A. behaal het, berus hoofsaaklik op die feit dat dit in die lewe geroep is met die spesifieke doel om in die plaaslike behoeftes van die Afrikalande besuide die Sahara te voorsien en die feit dat die organisasies hulself ook onder leiding van bekwame wetenskaplikes en tegnici by veranderde omstandighede aangepas het.

Tydens die sewentiende sitting van die Kommissie te Abidjan in die Ivoorkus gedurende Februarie 1962, is besluit dat lidmaatskap van die C.C.T.A. en sy geassosieerde liggame tot onafhanklike Afrikastate beperk word, met die uitsluiting van Suid-Afrika. Ook is aanbeveel dat Brittanje, Frankryk en België as stigterslede en op grond van hulle dienste in die verlede uitgenooi word om op tegniese vlak aan die werksaamhede van die C.C.T.A. deel te neem, maar sonder stemreg. Verder is besluit om die sinsnede „besuide die Sahara" uit die benaming van die Kommissie weg te laat, voortspruitende uit die begeerte om die sogenaamde kunsmatige verdelings in Afrika te beëindig.

Na aanleiding van die voorgestelde veranderinge wat hierbo genoem is, is 'n nuwe handves opgestel waaraan oorweging verleen is tydens die agtiende sitting van die C.C.T.A. te Dar-es-Salaam aan die begin van Februarie 1963. Daar is besluit om die nuwe handves in werking te stel, onderworpe aan enige ander besluite wat op die „Afrika-spitsberaad" te Addis Ababa gedurende Mei 1963 of op enige latere konferensie geneem mag word met betrekking tot die rol van die C.C.T.A. binne die raamwerk van Pan-Afrikaanse samewerking. Ander besluite wat tydens die agtiende sitting van die C.C.T.A. geneem is, behels die toelating van Oeganda en Roeanda (wat sedert die vorige sitting onafhanklikheid verkry het) en die stigting van vier streekskomitees deur FAMA om in te gaan op die daarstelling van middelgraadse opleidingsentra.

Die doelstellings van die C.C.T.A./C.S.A. en geaffilieerde liggame was van suiwer tegniese aard, en terwyl daarby gehou was, het die liggame hulle bestaansreg allesins geregverdig en het ongetwyfeld aansienlike bydraes tot die ekonomiese ontwikkeling van die lidlande gemaak. Ongelukkig is toegelaat dat politieke invloede in die aktiwiteite van die organisasies betrek word, as gevolg waarvan daar vandag weinig positiewe resultate gelewer word.

## V.V.O.-organisasies

*Die Ekonomiese Kommissie vir Afrika (E.K.A.)*

Die Ekonomiese Kommissie vir Afrika is ingevolge 'n besluit van die Ekonomiese en Maatskaplike Raad van die V.V.O. in April 1958 gestig. Soortgelyke streeksorganisasies bestaan ook vir Asië en die Verre Ooste, Europa en Latyns-Amerika. Hulle fungeer onder die vleuels van voormelde Raad en behandel ekonomiese en sosiale probleme wat betrekking het op die streek waarmee hulle gemoeid is.

Kortliks bepaal die E.K.A. se opdragte: om leiding te neem in verband met of deel te neem aan maatreëls wat gesamentlike optrede vir die ekonomiese ontwikke-

ling in Afrika in die hand werk; om ekonomiese betrekkinge tussen die Afrikastate onderling en tussen laasgenoemde en die buiteland te handhaaf en te bevorder; om ekonomiese of tegnologiese probleme van die Afrikastate te bestudeer en die resultate daarvan bekend te maak; om ekonomiese, tegnologiese en statistiese inligting te versamel, te verwerk en te versprei; en om in 'n raadgewende hoedanigheid op te tree met betrekking tot die formulering en praktiese uitvoering van ontwikkelingsplanne van die lidstate.

Suid-Afrika het ook lidmaatskap van die E.K.A. verwerf uit hoofde van sy lidmaatskap van die V.V.O. en ligging binne die geografiese bestek van die E.K.A. Lid state maak nie afsonderlike bydraes tot die uitgawes van die E.K.A. nie, aangesien fondse deur die V.V.O. beskikbaar gestel word.

Die permanente sekretariaat van die E.K.A. is te Addis Ababa, Ethiopië, gesetel. Gesamentlike sittings van die lidstate kan onder verskeie omstandighede belê word, maar gewoonlik vind slegs een sitting jaarliks plaas op 'n tyd en plek waaroor tydens die voorafgaande sitting besluit word.

Tydens die gesamentlike sittings word verskeie aspekte van ekonomiese ontwikkeling bespreek en referate daaroor gelewer. Na aanleiding van besluite wat op hierdie sittings geneem word en ooreenkomstig die opdragte van die E.K.A., is die sekretariaat voortdurend besig om studies te maak en inligting te versamel oor ekonomiese aangeleenthede in Afrika. Suid-Afrika trag om sy bydrae te lewer en inligting van 'n nie-kontensieuse aard aan die E.K.A. te verstrek. Dit is naamlik ook in die geval van die E.K.A. ongelukkig so dat politieke agitasie teen Blanke lidstate al vroeg sy kop uitgesteek het by die voltallige sittings en dat besluite aanvaar is wat nie suiwer binne die raamwerk van die E.K.A. se opdragte val nie.

Nogtans is konstruktiewe stappe al deur die E.K.A. gedoen. Een daarvan was die aanname van 'n besluit vir die stigting van 'n Afrika-instituut vir Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning. Die instituut se funksies is om

personeel gemoeid met ekonomiese en sosiale ontwikkeling in Afrikastate op te lei; om navorsing te onderneem; en om advies aan Afrikastate te verstrek. Voorts is 'n Staande Komitee insake Nywerhede en Natuurlike Hulpbronne deur die E.K.A. in die lewe geroep met die opdrag, onder andere, om die E.K.A. van advies te bedien aangaande sy jaarlikse werkprogram met betrekking tot die bevordering van nywerheidsontwikkeling in Afrika; om self studies in hierdie verband te onderneem of aan te moedig; en om ondersoek in te stel na en aanbevelings te doen oor navorsings- en opleidingsinrigtings wat op nywerheidsontwikkeling betrekking het.

Op die gebied van die handel is daar die Staande Handelskomitee, terwyl etlike ander komitees belas is met sake soos volkswelsyn en gemeenskapsbou, behuising, konstruksie en beplanning, ens.

Tydens sy vierde sitting, aan die begin van 1962, het die E.K.A. die stigting van 'n Afrika-ontwikkelingsbank in beginsel goedgekeur. Terselfdertyd is 'n komitee bestaande uit nege lidlande saamgestel om die aangeleentheid verder te bestudeer en om 'n verslag uit te bring. Ingevolge sy opdrag het die komitee onder andere samesprekings met private en openbare finansiële instellings in Afrika en in die buiteland gevoer en ten slotte dokumentasie opgestel wat aan 'n konferensie van die ministers van finansies van geïnteresseerde lidlande op 18 Junie 1963 voorgelê moes word vir oorweging. Finale stappe ter moontlike oprigting van die bank sal gedoen word deur die ministers van finansies by 'n konferensie wat van 30 Julie 1963 gehou staan te word. Die keuse van 'n setel vir die bank is ook aan hulle oorgelaat.

Afgesien van die afsonderlike pogings van die Casablanca- en Monrowië-groep van state, wat hierna bespreek word, om 'n Afrika-gemeenskapmark te stig, is die E.K.A.-sekretariaat ook deur die jongste voltallige sitting van die E.K.A. opgedra om 'n studie van die aangeleentheid te maak, veral met die oog op ewewigtige ekonomiese ontwikkeling in die Afrikastate. By die formulering van hierdie besluit het die Afrikastate in aanmerking geneem dat sodanige mark nie tot stand gebring kan word voor-

dat talryke reëlings met betrekking tot doeanetariewe, verskillende geldstelsels, finansiering, vervoer, wetgewing en ander aanverwante sake getref is nie. Of hierdie mark dan ook eendag werklikheid sal word, moet die toekoms ons leer, maar dit val nie te betwyfel dat dit geen geringe taak sal wees om die mark tot stand te bring nie, veral as dit gesien word in die lig van die delikate probleme waarmee soortgelyke organisasies wat reeds bestaan al te kampe gehad het en waarmee hulle nog elke dag worstel. Daarby is daar bepaald nog te veel botsende belange in Afrika en boonop in hierdie stadium ook veels te min opgeleide personeel wat so 'n mark moontlik vlot van stapel sou kon stuur en administreer.

*Interstaat groeperings*

Op ekonomiese gebied het die Afrikastate in die afgelope aantal jare self heelwat pogings tot samewerking aangewend. Dit is naamlik so dat die proses waarby die Afrikagebiede een na die ander onafhanklikheid verkry uiteindelik kan lei tot die verdeling van die vasteland in meer as 40 soewereine state. Op ekonomiese gebied beteken dit die ontstaan van klein ekonomiese entiteite wat, soos reeds vroeër vermeld is, in meeste gevalle ontoereikende marke bied vir grootskaalse ontwikkeling. Voornoemde pogings tot ekonomiese samewerking is deels hieraan toe te skryf, maar die politiek het daarby nog altyd die grootste rol gespeel en ook aanleiding daartoe gegee dat die Afrikastate verdeel het in twee groepe wat met mekaar wedywer, te wete die Casablanca-groep en die Monrowië-groep (waarvan die Brazzastad-groep die voorloper was).

**Die Casablanca-groep**

Die lidstate van die Casablanca-groep is Algerië Ghana, Guinee, Mali, Marokko en die Verenigde Arabiese Republiek. Hierdie state het die eerste keer gedurende Januarie 1961 te Casablanca in Marokko vergader, en vandaar dan ook hul naam. Die vergadering was blykbaar hoofsaaklik om politieke redes belê, en die sogenaamde „Afrika-oktrooi van Casablanca" wat tydens die

vergadering aanvaar is en die doelstellings van die groep bevat, is basies ook 'n politieke dokument. Op ekonomiese gebied is daar egter ook in die oktrooi voorsiening gemaak vir 'n funksionele komitee bestaande uit die ministers van ekonomiese sake van die ses lande, wat periodiek moes vergader om 'n gemeenskaplike Afrikabeleid te koördineer.

Die periodieke beraadslagings wat tussen die groep state plaasgevind het, het uiteindelik gelei tot die ondertekening van 'n verdrag te Kairo op 1 April 1962 wat 'n Afrika-gemeenskapmark daarstel om op 1 Julie 1963 in werking te tree. Die doelstellings van die verdrag is liberalisasie van die handel in nasionale produkte, vrye verkeer met betrekking tot vestiging, arbeid en indiensneming met die oog op die uitoefening van ekonomiese aktiwiteite asook vrye verkeer met betrekking tot deurgang en die gebruik van alle kommunikasiemiddels, hawens en burgerlike lughawens.

Ten einde die doelstellings te verwesenlik word 'n doeane-unie tussen die lande beoog. Doeanetariewe, reëls en regulasies sal gekoördineer word, terwyl alle doeanetariewe en ander beperkings op handel tussen die lidstate onderling gedurende 'n oorgangstydperk van vyf jaar afgeskaf sal word.

*Die Brazzastad-groep* (OAMCE en UAM)

Dertien Franssprekende Afrikastate het in Desember 1960 te Brazzastad vergader met die doel om gemeenskaplike beleide te formuleer. Hierdie vergadering het gevolg op een wat in November 1960 gehou is, en die volgende state was op die vergaderings verteenwoordig: Dahomie, Gaboen, Ivoorkus, Kameroen, Kongo (Brazzastad), Kongo (Leopoldstad), Malagassie (Madagaskar), Mauretanië, Niger, Opper-Volta, Senegal, Sentraal-Afrikaanse Republiek, Tsaad.

Behalwe die Kongo (Leopoldstad), verteenwoordig die orige twaalf state almal voormalige Franse gebiede in Afrika en tel onder die agtien Afrikastate wat met die Europese Ekonomiese Gemeenskap geassosieer is. Hierdie twaalf state het dan ook tydens 'n verdere konferensie

in Maart 1961 besluit om die Afro-Malagassie Organisasie vir Ekonomiese Samewerking (OAMCE) te stig. Dié organisasie beoog om die lidstate se ekonomiese beleide en ontwikkelingsplanne te koördineer, veral met betrekking tot industralisasie, produksie en doeanetariewe. Op dieselfde konferensie is goedkeuring verleen aan die daarstelling van die gemeenskaplike lugdiens „Air Afrique", terwyl ander besluite gerig was op die betrekkinge tussen die twaalf state en die E.E.G. asook op sake van 'n politieke aard.

In September 1961 het die twaalf state nog eens vergader, hierdie keer te Tananarive in Malagassie, en die handves van die Unie van State in Afrika en Malagassie (UAM) onderteken. Die UAM se verklaarde doelstelling was samewerking tussen die betrokke lidstate met betrekking tot die formulering van gemeenskaplike buitelandse beleide. So byvoorbeeld sou afgevaardigdes van die UAM-lande na die V.V.O. trag om 'n gemeenskaplike standpunt ten opsigte van belangrike besluite van laasgenoemde liggaam in te neem, deur vooraf met mekaar te beraadslaag. Op die Tananarive-konferensie is ook 'n verdedigingsverdrag gesluit en op ekonomiese gebied is onder meer besluit om 'n sekretariaat vir die OAMCE, waarna hierbo verwys is, in die lewe te roep, en om 'n ekonomiese en sosiale ontwikkelingskomitee saam te stel.

Na die ondertekening van die UAM-handves het die staatshoofde van die betrokke lande weer in Maart 1962 vergader. Besluite wat met betrekking tot ekonomiese vraagstukke aanvaar is, sluit in voorstelle ter stigting van 'n gemeenskapmark en 'n ontwikkelingsbank asook voorstelle om 'n gemeenskaplike tariefkode op te stel en 'n gemeenskaplike versekeringsgenootskap tot stand te bring.

Die jongste vergadering van die UAM-state het in Maart 1963 in Opper-Volta plaasgevind. Tydens hierdie vergadering is Roeanda as dertiende lid van die UAM toegelaat. Roeanda is natuurlik 'n voormalige Belgiese protektoraat, maar sy ampstaal is ook Frans en na bewering is hy op grond daarvan deur die UAM aanvaar.

*Die Monrowië-groep* (IAMO)

In Mei 1961 het die twaalf lidstate van die Brazzastadgroep tesame met Ethiopië, Libië, Liberië, Nigerië, Sierra Leone, Somalië, Togo en Tunisië te Monrowië (Liberië) vergader met die oog op onderlinge samewerking. 'n Reeks beginsels is aanvaar, en op ekonomiese gebied is 'n kommissie van deskundiges aangestel om 'n konkrete program vir samewerking op te stel.

Voornoemde kommissie het twee maande later vergader en voorstelle geformuleer ter stigting van 'n Afro-Malagassie gemeenskapsmark; 'n ontwikkelingsfonds; 'n betalingsunie; 'n fonds om pryse van primêre produkte te stabiliseer en 'n gesondheids- en sosiale organisasie. Voorts het die konstruksie van tussenstaatse hoofpaaie vir die bevordering van onderlinge handelsverkeer en eenvormige onderwysstelsels aandag geniet.

In Januarie 1962 het die Monrowië-groep, met die uitsondering van Libië en Tunisië, maar met inbegrip van die Kongo (Leopoldstad) en Tanganjika, te Lagos (Nigerië) vergader. Pogings is in die voorafgaande maande deur die Monrowië-groep aangewend om die lidstate van die Casablanca-groep of sommige daarvan te oorreed om die Lagos-konferensie ook by te woon met die oog op die samesmelting van die twee groepe. Die Casablanca-groep het egter nie daarmee genoeë geneem nie omrede die destydse voorlopige Algerynse regering nie uitgenooi is nie en ook omdat hulle nie geraadpleeg is in verband met die agenda van die konferensie nie.

Besluite wat op die Lagos-konferensie aanvaar is, het betrekking op voorstelle vir 'n „Inter-Afrika en Malagassie State-organisasie (IAMO)", en op spesifieke aspekte van inter-Afrika-samewerking en politieke sake. Daar is ooreengekom om 'n voorlopige handves van die voorgestelde organisasie aan die deelnemende state voor te lê vir kommentaar. Dié kommentaar sou dan in aanmerking geneem word deur 'n komitee aan wie dit opgedra is om 'n konsephandves op te stel vir goedkeuring by die volgende konferensie. Wat samewerking betref, was die besluite van die Lagos-konferensie hoofsaaklik gebaseer

op die aanbevelings van die kommissie wat voorheen aangestel was.

Die IAMO se ministers van buitelandse sake het in Junie 1962 verdere samesprekings in verband met die Lagos-handves gevoer, terwyl hulle in Desember 1962 weer vergader het met die oog op die ondertekening van die handves. Ingevolge die handves is die beginsels van die IAMO: om nie in die huishoudelike sake van ledestate in te meng nie; verwerping van ondermynende dade deur naburige of ander state; en die emansipasie van die orige afhanklike gebiede in Afrika. Drie liggame word vir die organisasie beoog, te wete 'n state-parlement om oor algemene beleidsaspekte te besluit, 'n ministerraad wat aan die parlement verantwoordelik is en hoofsaaklik met samewerking op ekonomiese, sosiale en diplomatieke gebied gemoeid sal wees; en 'n algemene sekretariaat onder leiding van 'n sekretaris-generaal wat deur die parlement aangewys sal word. Ook word daar in die handves voorsiening gemaak vir die stigting van 'n Afro-Malagassie Assosiasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling; 'n Wetenskaplike Opleidings- en Navorsingsinstituut; en 'n Permanente Versoeningskomitee om geskille tussen IAMO-lidstate vreedsaam op te los.

*Die Organisasie vir Afrika-eenheid* (OAE)

Die Organisasie vir Afrika-eenheid is na afloop van die veelbesproke „Afrika-spitsberaad" in Mei 1963 te Addis Ababa (Ethiopië) aangekondig. Die handves wat vir hierdie organisasie uitgereik is, stem in baie opsigte ooreen met die Lagos-handves van die Monrowië-groep (vermoedelik omdat dit opgestel is deur 'n onderkomitee van twee ledestate van daardie groep, te wete Liberië en Senegal) en maak ook voorsiening vir die instelling van 'n vergadering van staats- en regeringshoofde een keer elke jaar; die stigting van 'n ministerraad, bestaande uit ministers van buitelandse sake van ledestate, wat samewerking tussen die Afrikastate moet koördineer en aan die vergadering van staatshoofde verantwoording moet doen; en die stigting van 'n algemene sekretariaat met 'n sekretaris-generaal, wat die voltydse administratiewe lig-

gaam van die organisasie sal wees. Verder word die instelling van 'n arbitrasie-liggaam beoog om geskille tussen ledestate op te los, asook die stigting van komitees insake ekonomiese en sosiale samewerking; onderwys en kulturele sake; gesondheid, sanitasie en voeding; verdediging; en wetenskaplike en tegniese navorsing.

Volgens die handves is die oogmerke van die nuwe organisasie om die eenheid en solidariteit van die Afrika- en Malagassiestate te bevorder; om die pogings tot 'n hoër lewenspeil onder die Afrikavolke te koördineer en te bestendig; om ledestate se onafhanklikheid en gebiedsgrense te verdedig; om alle vorms van kolonialisme in Afrika uit te roei; en om internasionale samewerking aan te moedig. Ter verwesenliking van hierdie oogmerke onderneem ledestate om hulle beleidsrigtings ten opsigte van buitelandse sake en diplomasie, verdediging en veiligheid, ekonomie, onderwys, gesondheid en wetenskap te koördineer en te harmoniseer.

Gesien in die lig van die oënskynlik vrugtelose pogings tot onderlinge samewerking wat voorheen reeds deur die Afrikastate aangewend is, is dit moeilik te voorsien in hoeverre hierdie jongste organisasie sal slaag. Dit is in hierdie stadium ook nie duidelik hoe die organisasie se oogmerke met betrekking tot ontwikkeling gekoördineer sal word met die werksaamhede van ander organisasies nie, soos die CCTA/CSA en die V.V.O. se Ekonomiese Kommissie vir Afrika.

Ten slotte kan opgemerk word dat ordelike en snelle ekonomiese vooruitgang in 'n groot mate afhanklik is van politieke sekerheid en stabiliteit. Vandag is daar miskien nog te veel politieke struwelinge wat nadelig op die ontwikkeling van die Afrikastate met al hulle groot planne inwerk. Regerings mag nog om strategiese redes kapitaal onder sulke omstandighede waag, maar private ondernemers nie; en totdat die Afrikastate 'n gematigder houding inneem, kan min vordering voorsien word.

19 Junie 1963.
Pretoria.

M. A. du Plessis.